Van Zylstraat 2, Posbus 205, Robertson, 6705 * Tel: (023) 626 3140 Faks: (023) 626 3268 * E-pos: sek@herberg.co.za (algemeen) * rek@herberg.co.za (bemarking)


# Die Herberg Kinderhuis Nuusbrief

NOVEMBER 2013

www.herberg.co.za No. 2/2013









## FIETSTOER TEN BATE VAN HERBERG

JJ Steyn Classic Cycles in Bellville het jaarliks 'n bergfiets toer wat plaasvind gedurende Junie/Julie (SPUR CA 2 CX MTB Toer). Die toer strek oor 6 dae waar daar daagliks ongeveer 100 km gery word (647 km altesaam). Dit is gewoonlik ten bate van 'n liefdadigheidsinstansie. Die kinderhuis is gekies om vir die volgende 3 jaar die instansie te wees vir wie fondse ingesamel word. Petro Uren, die kinderhuis se bemarker, het die fietstoer meegemaak (nie as ryer nie!).

Daar is op 'n reënerige koue oggend begin met die roete uit Bellville. Die eerste oornag was by Worcester Golden Valley Lodge. Die Maandagoggend is daar weer vroeg in die pad geval na Montagu. Ryers is hartlik ontvang by Rapid River Spur in Robertson vir verversings. By Montagu is oornag by die Montagu Country Lodge. Daarvandaan het die roete gestrek na Warmwaterberg (waar die mooiste sonsopkoms gesien is) en die volgende dag na Calitzdorp. Hier het Alta van die NGK Calitzdorp die fietsryers se innerlike versterk met haar heerlike gebak voor die Vanwykspas aangedurf is. Die uithouvermoë van fietsryers het my verstom. Daar is oornag by Uhuru. Die volgende oggend het die fietsryers die Montagu pas aangedurf op pad na George. Daar is nou en dan gestop deur die ryers om die pragtige natuurskoon te waardeer. Daar is oornag by King George Hotel op George. Die laaste skof is aangepak waar die ryers die sewe passe moes baasraak tot by Knysna wat die eindbestemming was.

Saans is daar lekker saam gekuier om die etenstafel en sou 'n mens nooit kon sê dat soveel kilometers afgelê is gedurende die dag nie. Die fietsryers van ander provinsies het veral die omgewing waardeer omdat daar roetes gery word wat 'n mens andersins nooit sou ry nie.

Dit was 'n groep hegte vriende wat in 'n paar dae mekaar goed leer ken het en vriende geword het vir 'n leeftyd. Indien u wil deel wees van hierdie ongelooflike geleentheid kontak vir Petro 023 626 3140 of e-pos rek@herberg.co.za. Daar is plek vir slegs 50 ryers.